**Skriflesing:** Luk 22:3-24; 34
**Tema:** Die hande saam met myne op die tafel.

**Wie se hande is op die tafel?**
Wie se hande is saam met Jesus op tafel?

Ek glo dat Jesus die aand voor sy kruisiging die behoefte gehad het aan hande wat Hom kan vashou, vertroos en vir Hom bid. Op die tafel is egter net die hande van mense wat fokus op hulself.

Op die tafel is die hande van Judas Iskariot, in wie die Satan ingevaar het. Hy het besluit om Jesus te verraai.
Op die tafel is die hande van die dissipels. Hulle wonder oor wie Jesus sou verraai en stry oor wie van hulle die belangrikste is. Een van hulle is Petrus wat Jesus sou verloën.

Wie se hande is saam joune op die tafel? Natuurlik is daar die hande die mense naaste aan ons, die hande van ons eggenoot, kinders en familie. Daar is die hande van jou selgroep en die van maats. Daar is ook die hande van vreemdelinge wat anders is, dink en doen as jy.

**Hoe reageer Jesus teenoor hulle wat saam met Hom aan tafel is?**
Voordat ons na die antwoord op die vraag gaan kyk, kom ons staan net ‘n oomblik stil by hoe ons Jesus hier leer ken.
Hy ken die toekoms. Hy beskik oor alles. Ons sien in Luk 22:13 en 22 dat niks buite die plan en beheer van God is nie: “Hulle het gegaan en dit gekry net soos Jesus vir hulle gesê het, en die paasmaaltyd voorberei.” (Luk 22:13)
“Met die Seun van die mens sal dit gaan soos dit voorbeskik is, maar wee die man deur wie Hy verraai word!” (Luk 22:22)
Hy is in beheer, ook wanneer sy Seun aan ‘n kruis vasgespyker word. In Hand 4:27-28 lees ons weer: “Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is, en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het.”

Die is deel van die Goddelike misterie dat Hy in beheer bly selfs waar dit vir ons lyk asof sonde, selfsug en die duiwel die oorhand kry. Ons as mens se sonde laat nie God se plan ontspoor nie.

As jy geweet het jou volgende ete is jou laaste ete, wat sou jy doen? Ek sou my gunsteling gereg voorberei en my beste vriende nooi. Ek sou fokus op myself. Jesus doen nie dit nie. Hy fokus op ander. Hy is en bly lief vir almal. Hy weet dat Judas Hom gaan verraai, maar hy is welkom aan die tafel. Ook die dissipels en Petrus is welkom. Almal is welkom om saam met Hom aan tafel te kuier. Hy sit saam met die stroomop godsdienstige leiers, die Emmausgangers, die slegte vrou, die mense in die middestad, die padlopers en my en jou om die tafel.

In Lukas 22 is Jesus die gasheer. Hy nooi sy dissipels uit om saam met Hom paasfees te vier. Paasfees was die fees wat gevier is omdat God die Israeliete uit Egipte na die beloofde land gelei het.
Ons lees van hierdie gebeure in Eksodus 12. Hy het sy volk opdrag gegee om ‘n lam te slag en die bloed aan die deurkosyne van hulle huise te smeer. Dan sal die oudste kind nie sterf nie. So het dit dan gebeur dat hulle oudste kinders nie dood is nie, maar die oudste kind van die Egiptenare het wel gesterf. Na hierdie gebeure het die Farao die Here se volk laat trek.

Ons vier ‘n nuwe paasfees. Die Lam van God, Jesus Christus, se bloed het gevloei sodat ons kan leef. Die straf op ons sonde was die dood. Ons kon niks doen om van sonde bevry te word nie. Ons hande, ons lewens, was bevlek met sonde. Omdat God ons liefhet het Hy sy enigste Seun gestuur as offer om vir ons sondeskuld te betaal.
In engels staan daar: “You shall be passed over.” Nie langer sal ons die ewige dood sterf nie. Omdat Jesus Christus in ons plek gesterf het en ons sonde en dood oorwin het, gaan die ewige dood by ons verby.
Die Here lei ons uit slawediens van sonde na vryheid van kindskap van God. Deur Jesus word ons vrygespreek. Ons ontvang vergifnis van sonde en die lewe in oorvloed.

Die dag voor Jesus se kruisiging fokus Hy op die mense om Hom. Dit is liefde. In Luk 22:19-20 stel Hy dit duidelik dat sy liggaam gebreek word en sy bloed vloei vir ons: [19]Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.”
[20]Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.”

Rom 8:31-32 bevestig hierdie wonderlike waarheid van God se liefde vir en fokus op ons:
“[31]Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?
[32] Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het,…”

Hy kom sluit ‘n nuwe verbond met ons
Die ou verbond was ‘n werkverbond. Mense moes gelowig gehoorsame werke doen om die ewige lewe te ontvang. As gevolg van sonde, kom geen mens dit regkry nie. Ons ongehoorsaamgheid het gelei tot die ewige dood.

God gryp egter in ons hulpeloosheid in en sluit met ons ‘n nuwe verbond. Ons noem dit ‘n genadeverbond wat rus op fondament, Jesus Christus. Van Hom ontvang ons die vergifnis van sonde en die ewige lewe uit genade. Geloof is die bedelaarshande waarmee ek sy geskenk van verlossing aanvaar. My geloof word sigbaar in ‘n lewe gevul met dankbaarheid.

Hoe hanteer ek die hande saam met myne op die tafel. Ek moet mense soos Jesus hanteer. Dit maak nie saak of hulle my verraai, verloën en of hulle lewens net om hulself draai nie, ek

moet toelaat dat sy liefde deur my uitvloei na almal. In Matt 5:43-48 word ons in geen
onduidelike taal opgeroep tot liefde vir almal wie se hande saam met myne op die tafel is:
“43Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’
44Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê , en julle moet bid vir dié wat vir julle
vervolg, 45sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son
opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd
doen. 46As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag?
Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? 47En as julle net julle broers groet, wat doen
julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?
48“Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”
Amen